higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N770(A)(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4

(5140174)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–11:00

TOEBOEKEKSAMEN

Twee woordeboeke en twee addisionele naslaanbronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, 2 antwoordblaaie en 'n bylae van 2 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke AFDELING op ‘n NUWE bladsy.
5. Laat ‘n reël oop tussen elke vraag.
6. Beantwoord VRAAG 4 op BYLAE A en VRAAG 5 op BYLAE B. Maak die antwoordblaaie van die vraestel los, skryf jou EKSAMENNOMMER in die spasie daarop aangebring en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: EFFEKTIEWE STUDIE

VRAAG 1

Abraham Maslow se teorie van motivering verduidelik dat mense deur hul behoeftes gedryf word.

Maak 'n tekening van die VYF verskillende behoeftes deur Maslow se behoeftespiramide (-hiërargie) te teken. **[6]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik in jou eie woorde wat ‘n mediumtermyndoelwit is en gee ‘n voorbeeld daarvan.

2.2 Om vir jouself doelwitte vir die toekoms te stel het baie voordele.

Noem TWEE voordele wat doelwitte vir jou gaan inhou.

(2 × 2) **[4]**

TOTAAL AFDELING A: 10

GS

AFDELING B: LUISTERVAARDIGHEDE

VRAAG 3

3.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Die stuur van ‘n boodskap deur ‘n sender na ‘n ontvanger	A	massakommunikasie
3.1.2	Jy probeer vir jou toets leer maar jou broer speel sy musiek kliphard	B	intrapersoonlike kommunikasie
3.1.3	Die ontvanger van die boodskap moenie net die boodskap hoor nie, maar ook aandag gee	C	kommunikasie
3.1.4	Wanneer jy in ‘n toets slegs die hoofgedagtes moet neerskryf	D	luister
3.1.5	Televisie is ‘n voorbeeld hiervan	E	fisiese hindernis
3.1.6	Die student wonder hoe sy vir haar ma gaan vertel dat sy haar toets gedruip het	F	interne hindernis
3.1.7	Net voor die student sy mondelinge aanbieding moet doen, kom hy agter sy selfoon is gesteel	G	lys

(7 × 1) (7)

3.2 Enige iemand is in staat om sy/haar luistervaardighede te verbeter.

Nome enige DRIE riglyne wat ‘n persoon kan aanwend om sy/haar luistervaardighede te verbeter. (3)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 4

Veronderstel jou naam en van is Lee Marcus en jy is 'n koorlid van julle kampuskoor. Tydens ŉ pouse by ŉ kooroefening het die koorleier, mnr. Patrick Beukes, gou kleedkamer toe gegaan en terwyl hy uit die saal is, lui sy selfoon. Dit is mev. Patricia Patel, die kampushoof en sy vra om met mnr. Beukes te praat. Jy lig haar in dat hy tans nie beskikbaar is nie en bied aan om 'n boodskap vir hom te gee.

Mev. Patel: Kan ek asseblief met mnr. Patrick Beukes praat?

Jy: Mnr. Beukes is ongelukkig nie tans in die saal nie. Is daar dalk ‘n boodskap vir hom?

Mev. Patel: Ek wil aan mnr. Beukes noem dat die Raad graag aan hom 'n versoek rig vir die optrede van die kampuskoor by die sertifikaatplegtigheid wat op 17 Junie plaasvind.

Die tema van die sertifikaatplegtigheid is 'Eenheid' en ons versoek dat die liedere wat hy kies by hierdie tema sal aansluit. Ek wil vra dat hy al die liedere wat hy gekies het binne ŉ week aan my e-pos. My e-posadres is ppatel@gmail.com. Ons wil ook graag weet hoeveel lede tans in die koor is en of al die lede oor 'n kooruniform beskik.

Jy: Dit is wonderlike nuus. Ek sal die boodskap aan hom oordra, mev. Patel. Kan u asseblief u kontaknommer vir my gee?

Mev. Patel: My selfoonnommer is 071 014 1234. Baie dankie. Totsiens.

Jy: Totsiens, mevrou.

Jy skryf dadelik die volledige telefoonboodskap vir mnr. Beukes neer. Voltooi die telefoonboodskapvorm op BYLAE A (aangeheg). Maak die antwoordblad los van die vraestel, skryf jou EKSAMENNOMMER in die spasie daarop aangebring en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[15]**

VRAAG 5

Julle kampus gee maandeliks ŉ studentekoerant uit en om dit te ontvang moet jy as ŉ nuwe student ŉ aansoekvorm voltooi. Veronderstel dat jy ook vir hierdie vraag LEE MARCUS is. Voltooi die aansoekvorm op BYLAE B (aangeheg). Maak die antwoordblad los van die vraestel, skryf jou EKSAMENNOMMER in die spasie daarop aangebring en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in. **[5]**

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D: LEES- EN BEGRIPSVAARDIGHEDE

VRAAG 6

Lees die ARTIKEL 'Tik – Dwelmeuwel' op BYLAE C (aangeheg) en beantwoord die vrae.

6.1 Wat word in die eerste TWEE paragrawe beskryf? (2)

6.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' en motiveer jou antwoord deur 'n frase uit die teks aan te haal.

Tik en metamfetamien is dieselfde dwelm. (3)

6.3 In watter stad kom die gebruik van TIK veral voor? (1)

6.4 Noem TWEE ander byname wat aan die dwelm TIK gegee word. (2)

6.5 Noem EEN van die vorms waarin TIK verkrygbaar is. (1)

6.6 Watter woord dui daarop dat die gebruiker se lewe vir altyd deur TIK vernietig sal wees? (1)

6.7 Noem slegs WAAR of ONWAAR. Tik is baie duurder as ander straatdwelms. (1)

6.8 Noem TWEE huishoudelike produkte waarmee TIK soms vermeng word. (2)

6.9 Wat is die maksimum bedrag wat vir 'n dosis TIK betaal kan word? (2)

6.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord deur 'n aanhaling uit die teks.

'TIK maak 'n kind baie kalm en hy sal gelukkig nooit woedend raak nie.' (3)

6.11 Tikverslaafdes praat soms 'n ander tipe taal. Watter tipe taal is dit? (2)

6.12 Noem TWEE van die groepe mense wat ook op die gevaartekens by kinders moet let om vas te stel of hulle TIK gebruik. (2)

6.13 Kenners beweer TIK is gewoontevormend. Wat is die persentasie tieners wat na ses maande se gebruik, daaraan verslaaf raak? (1)

6.14 Hoe beïnvloed die gebruik van TIK die verslaafde se oë? (1)

6.15 Die meeste tikverslaafdes ly aan slaaploosheid. Haal 'n frase uit die teks aan om hierde stelling te staaf. (1)

[25]

TOTAAL AFDELING D: 25

AFDELING E: REMEDIËRENDE AFRIKAANS

Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot die artikel 'Tik – Dwelmeuwel' op BYLAE C (aangeheg).

VRAAG 7: SINONIEME

Gee ‘n woord met DIESELFDE betekenis as elk van die volgende woorde wat in die artikel voorkom:

7.1 Ewige (paragraaf 1)

7.2 Beskrywing (paragraaf 3)

7.3 Skoolkinders (paragraaf 5)

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 8: ANTONIEME

Gee ‘n TEENOORGESTELDE woord vir elk van die volgende woorde wat in die artikel voorkom:

8.1 Aarde (paragraaf 1)

8.2 Onherroeplik (paragraaf 4)

8.3 Verskillende (paragraaf 7)

8.4 Belangrik (paragraaf 8)

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 9: WOORDSOORTE

Kies die woordsoort uit KOLOM B wat by ‘n woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (9.1–9.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
9.1	Ewige	A	voorsetsel
9.2	Na	B	voornaamwoord
9.3	Hunker	C	lidwoord
9.4	Jy	D	selfstandige naamwoord
9.5	Dwelm	E	werkwoord
9.6	Die	F	byvoeglike naamwoord

(6 × 1) **[6]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10: SAMESTELLING

'Swartgalligheid' is ‘n samestelling van die woorde 'swart' en 'gal'.

Gee die samestelling van 'lewe' en 'roep'. **[1]**

VRAAG 11: SEMANTIEK

Verduidelik wat die woord 'hallusineer' beteken. **[1]**

VRAAG 12: LEESTEKENS

Verduidelik die funksie van die volgende leestekens wat in die artikel aangetref word:

12.1 Die **uitroepteken** in paragraaf 2

12.2 Die **aanhalingstekens** (' ... ') in die volgende aanhaling:

'Die swartgalligheid is ontsettend' (Paragraaf 4)

12.3 Die woorde *meth*, *ice* en *Tina* is kursief (skuins) gedruk (Paragraaf 6)

(3 × 2) **[6]**

VRAAG 13: MEERVOUDE

Gee die meervoud van elk van die volgende woorde:

13.1 wolkie (paragraaf 2)

13.2 lewe (paragraaf 4)

(2 × 1) **[2]**

VRAAG 14: VERKLEINWOORDE

Gee die verkleinwoord van elk van die volgende woorde:

14.1 dwelm (paragraaf 4)

14.2 wêreld (paragraaf 6)

(2 × 1) **[2]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 15: AFKORTINGS, SYFERS EN SIMBOLE

15.1 Skryf die getal '94' as ‘n woord uit. (Paragraaf 5)

15.2 Gee die simbool van die woord 'persent'. (Paragraaf 5)

15.3 R soos in 'R40' is ‘n afkorting. Skryf die afkorting volledig uit. (Paragraaf 7)

15.4 Gee die afkorting van die woord 'byvoorbeeld'. (Paragraaf 7)

15.5 Verduidelik in jou eie woorde wat die woord 'euforie' beteken.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 16

16.1 In die volgende sin kom daar DRIE spelfoute voor. Soek die spelfoute en korrigeer dit. Skryf slegs die vraagnommer (16.1–16.3) met die korrekte vorm van elke woord neer.

Die studente het gistir ‘n kommittee gekies om ‘n afskeidsfunksie vir die einde van die jaar te reel. (3 × 1) (3)

16.2 Verduidelik wat die vergelyking 'soos ’n windhond op ’n wildsplaas' beteken. (2)

[5]

TOTAAL AFDELING E: 35
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 4

TELEFOONBOODSKAP

Aan: _____ Van: _____

Firma: _____ Tel: _____

Datum: _____ Tyd: _____

Boodskap:

_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Geneem deur: _____

[15]

Kopiereg voorbehou

BYLAE B

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 5

INSKRYWING VIR STUDENTEKOERANT

Titel: _____ **Voorletters:** _____

Van: _____

Posadres: _____

_____ **Poskode:**_____

KONTAKBESONDERHEDE

E-pos: _____

Tel. (h): _____

Sel: _____

ID-nommer: _____

(10 × ½) **[5]**

BYLAE C

TIK – DWELMEUWEL

Paragaaf 1
TIK… jy raak rêrig getik, man. Jy dink jy't reeds die ewige geluksaligheid sommer net hier op die aarde beërwe en etlike ure lank sweef jy op 'n wolk van euforie. Jy voel so opgekikker en energiek soos 'n windhond op 'n wildplaas. Jy kan maklik 'n hele nag lank wakker bly en jy raak ook nie eintlik honger nie.

Paragraaf 2
'Maar, boeta, dan val jy hard, verskriklik hard van jou wolkie af**!** Jy stort tot in die aakligste, gitswart put van depressie ...'

Paragraaf 3
Hierdie beskrywing deur iemand wat die uitwerking van die dwelm 'tik' bestudeer het is tot op hierdie punt al heeltemal ontstellend genoeg. Maar dan gaan die verteller verder.

Paragraaf 4
'Die swartgalligheid is ontsettend,' sê hy. 'Jy hunker na die verruklike gevoel wat jy vantevore ondervind het en wend jou nogmaals tot tik - en gebruik dit weer en weer en weer. Jou lewe is onherroeplik deur 'n verfoeilike dwelm verwoes.

Paragraaf 5
Tik is 'n dwelmmiddel wat al geruime tyd sekere skoolkinders - veral in Kaapstad - in sy onheilige greep beet het. Skoolkinders? Nie studente en jong mense wat al kan werk nie? Dit kan 'n mens wel vra. Van die laasgenoemdes beproef natuurlik dikwels ook tik, maar dwelmbestryders vertel dat melktand-tieners so jonk as twaalf alte baie hierdie hoogs verslawende dwelm gebruik. Volgens kenners is dit boonop so gewoontevormend dat 94 persent van dié wat dit oor 'n tydperk van ses maande rook, daaraan verslaaf is.

Paragraaf 6
Maar wat is tik eintlik? Medici noem dit metamfetamien, 'n middel met verskillende mediese toepassings. Elders ter wêreld staan dit ook bekend as *meth, ice* of *Tina.*

Paragraaf 7
Die middel is verkrygbaar in verskillende vorms, van 'n fyn poeier tot groter kristalle. Om sake te vererger, word die metamfetamien meermale in 'n mengsel verkoop, saam met byvoorbeeld stysel, glukose, bakpoeier, talkpoeier, selfs hoofpynpoeier.
'n Groot probleem is dat dit so goedkoop is in vergelyking met ander dwelms - miskien so R40 tot R60 vir 'n dosis - en dat dit boonop so maklik verkrygbaar is.

Kopiereg voorbehou

BYLAE C (vervolg)

Paragraaf 8
Maar veral in gemeenskappe waar tik ’n wesenlike gevaar is, is dit belangrik dat ouers, ander volwassenes, broers, susters en verantwoordelike maats die volgende tekens by kinders in ’n baie ernstige lig sal beskou:

Paragraaf 9
- Die kind is aggressief, waar hy voorheen nie aanvallend van aard was nie.
- Hy/sy kom beangs voor.
- Hy/sy praat vinnig en miskien selfs ’n ander soort 'taal' as voorheen (die groepsdialek van sy/haar maats wat ook met dwelms deurmekaar is).
- Die gewoonlik ingetoë kind borrel nou oor van selfvertroue.
- Hy/sy dwaal snags rond, in die huis of elders, omdat hy/sy nie kan slaap nie.
- Hy/sy kla dikwels van hoofpyn.
- Hy/sy eet baie min en kan self maer word as gevolg daarvan.
- Die kykers in sy/haar oë is vergroot.
- Hy/sy hallusineer of sy/haar gedrag is andersins sielkundig afwykend.

Verwerk uit: *www.mieliestronk*.com/tikdwelm.html

Kopiereg voorbehou